



TOULEIER

Boland



Slim Taiwanese het hitte, nie humor nie

Hoofstuk 4 Deel 2

Durban weet nie hoe mens bedompig spel nie! Jy bars dadelik van kop tot tone binne-in jou skoene in sweet uit. Die Taiwanese is 'n skarrelende nasie. Soos rooimiere. Dit wemel van die klein mensies wat maar net nie kan stilstaan nie. Baie arbeidsaam en vlytig, werk hulle van die langste ure in die wêreld en word seker net deur die Koreane geklop.

Dis om van naar te word. Ons mense is veronderstel om 'n goeie werksetiek te hê. Gelukkig het iemand dit blykbaar teen Westerse standaard gemeet, want daardie klomp sit mens ore aan as dit by hard werk en leer kom.

Die arme kinders gaan nie net ses dae 'n week skool nie. Behalwe dat die skole omtrent heeldag skoolhou, neem meeste kinders nog aandklasse ook.

Ek is oortuig dit is hoekom hulle as grootmense so doodernstig is en nie veel van 'n sin vir humor besit nie.

As kinders kry hulle nie baie tyd om net kinders te wees en net te speel en te lag nie. Prestasie is al wat tel.

Die kinders moet baie slim wees want hulle kan van kleins af al almal deur die bank Sjinees praat!

In die aankomssaal is daar genadiglik baie goeie lugversorging en wag daar ook 'n bordjie met my naam daarop. Die man wat dit omhoog hou, weier om terug te glimlag.

"Niehaauw", groet hy in Sjinees.

"Niehaauw" eggo ek terug met 'n ewe stoere en formele gesig. Hy beduie ek moet hom volg. Nie 'n man van baie woorde nie. Laat mens nogal onwelkom voel.

Ek stoot my trollie weer uit in die bakoond daarbuite en tien tree later is ek weer papnat deurdrenk van die sweet. Hier kan 'n man baie gou baie dops en baie dun word, besef ek. Ons sal 'n stokkie daarvoor moet steek.

Die hemelruim bokant Taiwan bly meestal weggesteek agter 'n dynserigheid van wit en grys, en terwyl ons op een van Taipei se menigte snelweë voortsnel, merk ek op die landskap is ook maar tipies die van 'n megastad: Die oorheersende kleure is skakerings van grys beton met hier en daar 'n modderige groen strook of parkie wat die monotoon verbreek.

Gelukkig is daar darem selfs helder oordag duisende der duisende flikkerende neonligte wat almal hard baklei vir jou aandag. Noodsaaklik om die grys wêreld bietjie op te helder. In die verte bou hulle aan die nuwe wolkekrabber wat gaan poog om die wêreld se hoogste wees.

Ons ry verby sulke groot vierkantige glas of perspeks vertoonkaste wat sommer so op die sypaadje staan. In elkeen is twee of drie effe aangetrekte jong meisies in sjoebroekies met die aksent op sjoe.

Ek beduie vir die drywer terwyl ek vraend na die meisies wys. Hy hou egter aan stomstreke speel. Dan besluit ek maar dat hy nie Engels magtig is nie en verkyk my maar rustig aan die wriemelende mensdom daar buite wat strak elkeen voor hom uitkyk terwyl hy met sy eie missie êrens na iets belangrik op pad is.

Onderlangs hou ek steeds die glaskasmeisies met hulle oordadige grimering dop en merk op hulle smous met iets wat amper soos pakkies sigarette lyk. Net effe groter, soos daardie pakke vyftig Cavalla Kingsaais wat mens toentertyd kon koop.

Definitief nie sigarette nie. Al wat ek aanvanklik kon wys word, was dat die manne wat die goed gekoop het, deur die bank sulke rooi spoeg ge-ellie het.

Om die kampvuur

Idiome is in die taal ingebed

Met erkenning aan Sophia Kapp van Viva Afrikaans

Idiome is in 'n taal en sy kultuur ingebed. Wat beteken, dit sê vir ons 'n klomp goed oor die taalgemeenskap. Dis opmerklik dat Afrikaans se ouer idiome baie sterk by 'n trekker- of landboukultuur aansluit:

- "dit gaan klopdisselboom" = dit gaan goed (verwysend na die ritmiese klop van 'n disselboom aan 'n wa as die osse lekker sterk daaraan trek)
- "van die os op die jas" = van onderwerp verwissel ("jas" is moontlik 'n verkorting van "vaaljas", 'n bynaam vir 'n donkie)
- "iemand is 'n lunsriem" = die persoon is vuil (die lunsriem was die dun riempie in die middel van die wawiel se naaf, wat altyd vol ghries was en gevolglik maklik vuil geword het)
- "die kar voor die perde span" = iets agterstevoor doen (die perde kan die perdekar net trek, nie stoot nie)
- "jong osse inspan" = braak (vermoedelik omdat die kranke bulk soos balhorige osse wat vir die eerste keer ingespan word)

Hierdie soort ou taalskatte kom dikwels in uitmergelende lyste in skoolhandboeke voor, en leerders moet dan saans en naweke tot hulle groot frustrasie aan dié fossiele leer. Dis baie verdienstelik, en ja, die nuwe geslag moet kennis neem van dié taalbousels, want hulle moet in 'n gemeenskap kan inpas wat die taal darem al 'n paar dekades lank beheers.

Maar om te maak asof 'n idioom 'n ding is wat net in 'n handboek of 'n woordeboek bestaan, is om die taal 'n onreg aan te doen.

Sprekers van enige taal is kreatiewe kreature. Hulle maak taal, knoei taal, knoop taal en skep taal sodat dit in hulle behoeftes kan voorsien. Dis hulle reg en plig, en dis wonderlik as 'n mens hoor hoe soepel die nuwe idiome in taalgebruikers se alledaagse taal inpas.

VivA het 'n hele klomp van dié skatte in die hande gekry en opgeteken. Hier is 'n keur:

- "reën ruik, al is daar nie wolke nie" = positief bly, al het 'n mens nie rede nie (ingestuur deur Carina Stander)
- "sonder arms rondstaan" = rondhang sonder om te help (ingestuur deur Org Potgieter)
- "vinkkoors kry" = die onblusbare begeerte kry om 'n huis van bo tot onder oor te versier, gewoonlik iets waaraan 'n vrou in haar middeljare begin ly (ingestuur deur Wiets Steyn)
- "elke moer wil 'n ertappel wees" = elke onbenullige persoon wil iemand belangriks wees (ingestuur deur André Oberholzer)
- "net klein klippies rondskop" = met onbenullighede besig wees terwyl daar groot werk is om te doen (ingestuur deur Franselize Rossouw)
- "te klein vir 'n tafeldoek en te groot vir 'n servet" = 'n tiener wat nie meer tussen die kinders pas nie, maar ook nie oud genoeg geag word om in die grootmense se geselskap te sit nie (ingestuur deur Rennie Naudé)



Te dik vir 'n daalder

Daalder was 'n afkorting vir "rijksdaalder" - 'n munt wat in 'n Ryksmunt in Nederland geslaan is en sedert die 17de eeu aan die Kaap gebruik is.

Daalder was 'n afkorting vir "rijksdaalder" - 'n munt wat in 'n Ryksmunt in Nederland geslaan is en sedert die 17de eeu aan die Kaap gebruik is.

As 'n munt dikker as 'n daalder was, was dit nie eg nie - vandaar die spreekwoord "Dis te dik vir 'n daalder" wat beteken dis te erg, te duur of nie geloofwaardig nie.

(Die munt se waarde was 15 sent.)

Hoe koud is KOUD?

KAMMANUUS SE TEMPERATUURGIDS

- * **30** grade: Natallers soek hul truie (as hulle het)
- * **25** grade: Namibiërs skakel hulle verwarmers aan
- * **20** grade: Natallers bewe onbeheerbaar,
- * **15** grade: Italiaanse karre wil nie vat nie
- * **10** grade: Franse karre wil nie vat nie, Nederlanders gaan swem
- * **5** grade: Natallers huil bitterlik,
- * **0** grade: Water vries
- * **-5** grade: Kat dring daarop aan om saam met jou op jou bed te slaap, Nederlanders eet roomys, Kanadese gaan swem.
- * **-10** grade: Politici begin gesels oor haweloses, Nuwe York-Stad se water vries.
- * **-15** grade: Russe trek T-hemde aan.
- * **-20** grade: Duitse karre wil nie vat nie, oë vries toe wanneer jy hulle knip.
- * **-25** grade: Party Russe kry koud, Namibiërs vries dood.
- * **-30** grade: Kat dring daarop aan om binne-in jou pajamas saam met jou te slaap.
- * **-35** grade: Politici doen iets in verband met haweloses. Nederlanders grawe sneeu weg. Japannese karre wil nie vat nie.
- * **-40** grade: Natallers verdwyn. Jy beplan 'n twee week lange warm bad. Sweedse karre wil nie vat nie.
- * **-45** grade: Kanadese trek truie aan. Jou kar help jou beplan aan jou vakansie na warmer dele.
- * **-50** grade: Russe maak hul badkamervensters toe .
- * **-55** grade: Prokureurs sit hulle hande in hul eie sakke.


MADAM & EVE - Monopoly



**Die goeie ding van die wetenskap is dat dit waar is –
of jy dit nou glo of nie.**

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



ONTSPAN!

"Dokter, ek is bekommerd. Dis my eerste operasie!"
"Toemaar, wees gerus. Dit maak twee van ons."

KOOS SE ONGELUK

Koos maak 'n ongeluk. Hy sê vir die polisieman:
"Ek vermoed die bestuurder van die ander kar is dronk."
Polisieman: "Meneer, die ander kar is 'n koei!"

PA SE REËL

"Dit is algemene gebruik dat vir ons om mekaar te leer ken, ons oor sport, politiek en sake van die dag gesels. Moet dit asseblief nie doen nie."
"Al wat ek van jou wil hoor is wanneer jy my dogter veilig terugbring. Die enigste woord wat jy mag gebruik, is 'vroeg'."

As jy veronderstel was om jou tone te raak, sou hulle by jou knieë gesit het.

HOOGTES HELP

'n Arend sit hoog in 'n boom en niksdoen.

'n Hasie sien die arend en vra hom: "Kan ek net ook soos jy sit en niksdoen?"

Arend antwoord: "Seker, hoekom nie?"

Die haas sit toe op die grond onder die arend en rus. Skielik verskyn 'n jakkals, bespring die haas en vreet hom op.

Die storie se les:

As jy wil sit en niksdoen, moet jy baie hoog op wees.

UITSAAIFLATER

Hierdie storie is glo die reiene waarheid:

Een oggend, nie te lank gelede nie, was daar weer een van die inbelprogramme, en hierdie keer kon die beller 'n prys wen. So kry die vroujie toe die vraag:

"As wat is natriumchloried beter bekend?"

Sy oem en aa, en die omroeper besluit om haar 'n leidraad te gee:

"Jy kan dit soggens oor jou man se eiers gooi," sê hy.

Skielik gaan daar 'n lig vir die vrou op: "Babapoeier?" waag sy.

Die omroeper het glo vinnig 'n CD opgesit, maar nie voordat hy uitgebars het van die lag nie!

DRAAK

Koos sê hy gaan deesdae uit net 'n skreeulelike meisie. Sy vriende wonder of hy ernstig is en of hy net die draak steek.

ANDY CAPP deur Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Soos dit die hof behaag

DOM VRAE EN SLIM ANTWOORDE

- V: Wat is jou geboortedatum?
A: Die 15de Julie.
- V: Watter jaar?
A: Elke jaar.
- V: In watter toestand was jy tydens die ongeluk?
A: Met Gucci-sweetpak en Reebok-tekkies aan!
- V: Die *myasthenia gravis*, beïnvloed dit jou geheue enigins?
A: Ja.
V: Op watter manier beïnvloed dit jou geheue?
A: Ek vergeet.
V: Jy vergeet. Kan jy 'n voorbeeld gee van iets wat jy vergeet het?
- V: Hoe oud is jou seun wat saam met jou woon?
A: 38 of 35 ek kan nie onthou nie.
V: Hoe lank woon hy reeds by jou?
A: 45 jaar.
- V: Wat was die eerse ding wat jou man gesê het toe hy daardie oggend opstaan?
A: Hy het gesê: "Waar is ek, Cathy?"
V: En waarom het dit jou ontstel?
A: Want my naam is Susan!
- V: Waar het die ongeluk gebeur?
A: BY Myl 499.
V: En waar is Myl 499?
A: Seker tussen Myl 498 en Myl 500.
- V: Soldaat, toe jy die verweerderes voorgekeer het, het jou rooi en blou ligte geflikker?
A: Ja.
V: Het die verweerderes enigiets gesê toe sy uit haar voertuig uitgeklim het?
A: Ja, Edelagbare.
V: Wat het sy gesê?
A: By watter disco is ek nou?
- V: Die jongste seun, die 21 jarige, hoe oud is hy?
- V: Was jy teenwoordig toe jou foto geneem is?
- V: Sy het drie kinders gehad, nie waar nie? Hoeveel was seuns?
A: Nie een nie.
V: Was daar enige dogters?
- V: Jy sê die trappe het na die kelder gelei?
A: Ja.
V: En hierdie trappe, het hulle ook boontoe gelei?
- V: Kan jy die individu beskryf?
A: Hy was omtrent van medium lengte en bou en het 'n baard gehad.
V: Was dit 'n man of 'n vrou?
- V: Dokter, Hoeveel lykskouings het jy al op dooie mense uitgevoer?
A: Al my lykskouings word op dooie mense uitgevoer.
- V: Is jy gekwalifiseer om 'n urinemonster te kan gee?
- V: M.a.w. die datum, van die verwekking van jul baba was die 8ste Augustus?
A: Ja.
V: Wat het julle op daardie oomblik gedoen?
A: Ons het gespyker.

FOUTOPSPORING WANNEER JY DRINK

SIMPTOOM	FOUT	AKSIE
Voete koud en nat.	Jy hou jou glas verkeerd vas.	Hou glas se bokant in rigting van plafon
Drank besonder flou en smaakloos.	Glas is leeg.	Vra iemand om vir jou nog 'n dop te koop.
Alkohol smaakloos, hemp se voorkant nat.	Mond is toe, of glas is verkeerd aangewend.	Gaan badkamer toe en oefen voor die spieël.
Almal kyk op na jou en glimlag.	Jy dans op die tafel.	Val op iemand wat lekker sag lyk.
Drank is wit soos water.	Dit is water. Iemand probeer jou nugter kry	Slaan hom met die vuis.
Hande en neus is seer, kop ongewoon helder.	Jy was in 'n bakleiery betrokke.	Sê vir almal jy's jammer.
Jou singery klink hard en vals.	Die drank is te swak.	Drink nog 'n paar glase totdat jou stem reg is.
Jy onthou nie die liedjie se woorde nie.	Jou drankie is perfek.	Speel 'n denkbeeldige kitaar.
Jou mond is vol sigaretstompies.	Jy het vooroor geval.	Vra dat iemand jou aan die toonbank vasmaak
Vloer beweeg.	Hulle dra jou uit die kroeg uit.	Vind uit of jy na ander kroeg op pad is.
Kamer is ongewoon donker.	Kroeg het vir die nag gesluit.	Gee vir kroegman jou huisadres.
Taxi raak skielik baie vol kleure en teksture.	Jou alkoholiname het jou kapasiteit oorskry.	Hou jou mond toe.

Dis mos nou topgehalte!

Manne, as jy op 'n girl afkom wat hot, sexy, lojaal, nie materialisties, en finansiël onafhanklik is;

En sy kan haar ding in die kombuis reg doen;

En as jy sê spring dan vra sy hoe hoog;

En sy glo jy is die enigste aantreklike ou op aarde;

En sy kan die Stormers se gebrek aan 'n wedstrydplan aan jou vrinne uitlê;

En sy weet wat om te doen as jy sê nou gaan ons braai!;

En sy was jou bakkie sonder dat jy vra;

En sy luister na elke woord wat jy sê;

En sy val jou nooit in die rede nie . . .

. . . dan moet jy weet die dagga wat jy rook is topgehalte!

Twee oues op toer

Die twee oues van dae is op reis en stop langs die pad vir middag-ete. Met hul vertrek vergeet die tante haar bril, en sy ontdek dit eers toe hulle al weer so 40 minute op pad is.

Om alles erger te maak, moet hulle toe nog 'n hele ent ry voordat daar 'n plek is om om te draai.

Op pad terug verander die oom in een van daardie klassieke ou brompotte. Hoe meer hy die tante uittrap, hoe kwater word hy.

Uiteindelik is hulle terug by die restaurant, en terwyl die tante uitklim, sê hy:

"En terwyl ons nou hier is, kry somer my hoed en my kredietkaart wat ek laat lê het."

In Rusland is die klant altyd verkeerd

Suid-Afrikaners sal straks ons eie staats"diens" en staatshospitale hierin herken – waar die enigste goeie klant 'n dooie klant is. Soos in Rusland.

Hoeveel blondines verg dit 'n Moskouse winkel om een maskara aan jou te verkoop? Vyf. Sonder grappies. Vyf meisies kon tussen hulle skaars een klein boksie maskara vind, oplui en toedraai.

Om my kleingeld uit te keer, moes hulle my 500 roebelnoot by 'n winkel daar naby gaan kleinmaak, skryf Maria Antonova in *MosNews*.

Tien jaar gelede het ek 'n potjie met 'n lugwaardin op Aeroflot geloop. Toe ek my teekoppie aanbied, snou sy my toe: "Wat? Wil jy hê ek moet jou tee op botter skink?" En dit net omdat ek vergeet het om die blokkie botter uit die koppie te haal.

Ek het toe besef jy hoef nie op land te wees om Moedertjie Rusland se grond te soen nie – jy kan die Russiese atmosfeer ook op 'n hoogte van 5 000 voet ervaar.

Want kliëntediens in die Sowjet-styl is nie net 'n oksimoron nie: Dis 'n lewende legende met ensiklopediese afmetinge.

"Sofkowi serwis" (Sowjetdiens) is die uitdrukking wat gebruik word om 'n kafee of winkel te beskryf waar die goue reël nie is dat die klant altyd reg het nie, maar dat "die enigste goeie klant 'n dooie klant" is.

Jy kom ook nie ver in klere- of skoenwinkels nie, tensy jy die supermodel Natalia Wodianowa is. Selfs al sê jy vir die assistent dat sy 'n teef is, en dat jy jou sake elders sal doen, sal sy net haar skouers ophaal en voortgaan om haar naels te vyl.

In restaurante is my groot irritasie die wyse waarop kelners jou bord voor jou wegruk. Jy is besig om die laaste happie met jou vurk na jou mond te bring – en wap! Weg is jou bord. Dit laat jou sonder 'n plek om jou vurk neer te sit. Die rede moet wees: Vat haar bord weg, anders bestel sy nie nagereg nie.

□ □ □ □

Supermarkte bied 'n ander uitdaging. As dit jou gewoonte is om jou beste jas aan te trek as jy gaan inkopies doen, sien die winkel se sekuriteitswagte jou aan vir 'n boemelaar wat die winkel besteel.

Swak kliëntediens is deels 'n Sowjet-nalatenskap: Jy kon nie jou geld elders neem nie, want daar wás geen ander plek nie. Daar was net een besigheid: die staat. Die gebrek aan kompetisie het gelei tot 'n traak-my-nie houding: Die kliënt het ons nodig, ons het hom of haar nie nodig nie.

Die ander groot probleem is diefstal. Al daardie sekuriteitswagte is nodig, want die klante betaal nie altyd nie. Anastasia, lank 'n kelnerin in 'n duur eetplek, het my vertel van die professionele klaplopers (*freeloaders*): Mense wat hulle knuppeldik eet en dan net verdwyn. Sy het een keer 'n groep bedien wat 'n duisend dollar se kos verorber het. Toe gaan dans 'n paar van hulle, en nog 'n paar gaan toilet toe.

"Ek het gedink alles is in orde – hul jasse en sakke was nog by die tafel – totdat ek ontdek het al die sakke was vol papier opgestop!" vertel sy.

Anna weer, kla oor die eetgerei, borde en bekere wat uit haar restaurant verdwyn. Die ergste was toe 'n toiletdeksel ook voete gekry het.

Wat dalk verklaar hoekom hulle jou bord so vinnig voor jou wegruk.

BLONDE SEEP

Die blondie doen inkopies, en terwyl sy tussen die rakke stap, val daar seep uit haar waentjie uit.

Die man wat agter haar stap, sien dit, tel die seep op, en roep:

"Verskoon tog, juffrou, maar jou koekie seep het uit die waentjie geval!"

Blondie vererg haar en sê:

"Dít, meneer, is GESIGSEEP, nie KOEKIESEEP nie!"



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se topvanne:

Zwiegelaar

annatjie.boyes-varley@lonmin.com

Goeie dag, Ek is besig met familienavorsing oor die Zwiegelaar's. Ek soek na 'n Doreen (Dorothea) Zwiegelaar gebore du Plessis - 1957-07-15 en 'n Johan Gideon Zwiegelaar gebore 1950-06-01.

Van der Merwe

jdewaal@iway.na

Ons is tans besig met die druk van die 4de uitgawe en opdatering van die Van der Merwe boek. Ek wil dit graag aan jou bekendstel, indien jy dit nog nie gesien of van gehoor het nie.

Vir meer inligting: Tel: 00 264 62 581035

NS: Stuur asseblief aan na alle Van der Merwes wat jy ken!

Van Niekerk

ansievreugde@live.com

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Tog net nie 'baas' nie!

Genl. Basie Smit, oudhoof van die veiligheidspolisie, het onlangs sy 80ste gevier. Baie nuwe stories oor hom is uit die mond van sy (uiters bekkige) goeie vriend Abe Smit van Franskraal gehoor!

Hierdie een is 'n ou storie is van 'n keer voor 1994 toe Nelson Mandela en Penuel Meduna vir samesprekinge na Pretoria gekom het.

Meduna ry toe saam met Basie van die lughawe Pretoria toe.

"Wat sal ek jou noem," wil hy weet, "want jy's mos nie my generaal nie."

"Noem my gerus Basie", kom die antwoord.

"Nee," se Meduna, Basie sal nie deug nie, dankie. Wat is jou doopnaam?"

"Basjan," kom die (eerlike) antwoord, maar ondeund uitgespreek as "Baas Jan".

"Ek dink ek noem jou liever generaal," kom dit toe van Meduna.

Bekendes het gesê:

WC Fields (1870-1946) op die vraag of hy van kinders hou:

"Gekook of gebak?"

Margaret Halsey (1938), Amerikaanse skrywer:

"Engelse vroue se skoene lyk of hulle gemaak is deur iemand wat al gehoor het hoe skoene beskryf word, maar hulle nog nooit gesien het nie."

Abraham Lincoln (1809-'65) aan sy veldgeneraal George McClellan:

"My liewe generaal: As jy nie die leër wil gebruik nie sal ek daarvan hou om hom vir 'n rukkies te leen."

Groucho Marx (1895-1977), Amerikaanse komediant:

"Die oomblik toe ek jou boek opgetel het totdat ek dit neergesit het, het ek geskud van die lag. Ek sal dit nog eendag lees."

Duncan Speeth, Amerikaanse skrywer en akademikus:

"Ek weet hoekom die son nooit oor die Britse Ryk sak nie: God kan nie 'n Engelsman in die donker vertrou nie."

Henry van Dyke (1852-1933), Amerikaanse skrywers en predikant:

"Jazz is begin as 'n marteling vir imbesieles."

Die Hertog van Windsor (Edward VIII van Engeland) (1894-1972):

"Die ding wat my die meeste van Amerika fassineer, is die manier waarop ouers hul kinders gehoorsaam."

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Toe Oupa oorlede is, het ons 'n lang tyd opgehou om vleis te braai. As Mammie vir Pa vra wanneer braai ons dan weer 'n slaggie, sê Pa partykeer niks.

Deur **DAWID VAN LILL**

Liewe Oupa en Ouma

Ons kom die vakansie kuier. Dan moet Oupa asseblief vir my leer hoe om vuur te maak, want ek wil vir Pa help vleisbraai.

En Oupa moet ook vir my wys hoe maak 'n mens 'n ekstra vuurtjie. Ander Oupa het altyd gewag tot die kole amper reg was. Dan het hy 'n ekstra vuurtjie gemaak. Toe ek vra hoekom hy nóg vuur maak, sê hy 'n mens kan nooit te veel kole hê nie.

Nee, sê hy, hy bedoel maar net elke man maak maar sy vuur op sy eie manier. En as 'n man vuurmaak, moet sy kuiergaste nie op sy hand praat nie. Oupa sien ek verstaan glad nie van op die hand praat nie. Toe sê hy 'n mens braai die lekkerste saam as een man braai en die kuiergaste los sy vuur en sy braaiery uit. En hulle sê nie vir hom wat hulle sou doen en hoe hulle eintlik vleisbraai nie.

Toe Oupa oorlede is, het ons 'n lang tyd opgehou om vleis te braai. As Mammie vir Pa vra wanneer braai ons dan weer 'n slaggie, sê Pa partykeer niks. Ander kere sê hy 'n klomp verskillende goed. Soos: Goed, liefie. Of: Dink jy nie dit is nou te koud daar buite nie? Of: Jong, daar's baie sport dié naweek. Dan sê Mammie sy verstaan. Maar as ons alleen is, dan lyk sy baie hartseer. Dan sê sy vir my Pa mis vir Ander Oupa seker vreeslik. En sy gaan nie aan hom karring nie. Hy sal op sy eie tyd weer by vleisbraai uitkom.

Eendag toe Pa weer iets sê oor die vleisbraaiery, onthou ek wat Pa altyd sê as ek baie stories het oor my huiswerk wat nie klaar is nie. Dit klink vir my na 'n klomp verskonings, sê ek toe vir hom. Hy kyk lank na my, en ek skrik. Miskien moes ek maar stilgebly het, dink ek. Netnou is Pa kwaad. Of hartseer. Of altwee. Toe knik Pa net. Ja, Gertjie, sê hy. Dis presies wat Oupa sou gesê het. Toe loop hy buitentoe.

Die volgende dag ruik ek rook. Ek dink eers ons huis brand af, maar toe ek op die stoep kom, sien ek Pa het 'n GROOT vuur gemaak. Net so 'n moewiese een! Jy sien net vlamme en rook. Maar Pa staan net daar en kyk vir die vuur. Dit lyk of daar trane in sy oë is. Toe hy my sien, sê hy: Ai, die rook! Toe gaan staan ek maar by hom en ek sê hy moet onthou van die ekstra vuurtjie.

Dit was 'n baie lekker braaivleis. Mammie was ook bly. Sy het seker al haar braaitjoppies gemis. Ná die tyd het sy vir my en Pa elkeen 'n drukkies gegee. Toe sê sy: Ek is bly my twee braaiers is weer terug. Maar sy klink nie vreeslik bly nie. Toe gaan sy vinnig in die huis in.

Verlede week het Oom Koos en tannie Sandra ook weer kom braai. Oom Koos praat vreeslik baie en jy kan sommer hoor dis hy wat hier is as die kar nog nie eens stilgehou het nie. En hy lag ook vreeslik baie. En so HARD! Oupa het altyd gesê: Jy kan ook vir Koos wie weet waar hoor aankom!

Toe Oom Koos op die stoep kom, loop hy reguit vuur toe. Hy groet sommer vir Pa terwyl hy loop. Toe tel hy die tang op en krap in die kole en sit die rooster op die vuur en gooi nog hout op. Ek sien Pa byt so op sy tande. Sy kieste maak eintlik sulke knoppe. Hooeee, Oupa, toe dink ek GROOT marakkas is seker nie ver nie! Maar ek weet Pa sal niks sê nie. Mammie sê Pa is eintlik 'n man vir vrede.

Ek sê toe maar vir Oom Koos wat Ander Oupa altyd vir my geleer het. Oom Koos, sê ek, my Oupa het altyd gesê as dit by vuurmaak en vleisbraai kom, praat jy nie op 'n ander man se hand nie. En jy krap nie in sy vuur nie. En ek skrik toe ek dit sê.

Mammie sê altyd kinders moet partykeer gesien word en nie baie gehoor word nie.

Pa sê GERTJIE! Oom Koos word so stil. Ek sien al hoe sit ek alleen in die kamer as almal vleisbraai. Ek draai somer om en begin wegloop. Toe vat Oom Koos my aan die arm en hy sê Gertjie, Gertjie, Gertjie. Jy is darem jou Oupa uitgeknipt! En toe Pa nog wil praat, sê Oom Koos: Nee, nee, nee, Gert, die mannetjie is reg. Jou Pa sou my lig en vinnig op my plek gesit het. En só vriendelik. Hy was mos 'n liewe ou siel.

Ja'k, sê Pa. Toe sê Oom Koos ook so. Ja'k. En toe sê hy saggies: Ek mis hom ook, ou swaer.

Toe begin oom Koos en Pa vir mekaar die grappe vertel wat Oupa altyd vertel het. Van die R35-komkommer en die hond wat die sampioene geëet het en somer baie ander. En hulle lag aanmekaar. En Oom Koos lag die hardste. Ek lag net so lekker.

Maar ek is hartseer ook. So saam met die lag. Want ek onthou nog hoe lekker Oupa altyd gelag het vir sy eie grappe. Partykeer moes hy die einde van die grap twee keer vertel, want hy het die eerste keer só gelag dat niemand verstaan het wat hy sê nie. Mammie en Tannie Sandra kom kyk later hoekom lag ons so, en toe vertel hulle ook van Oupa se grappe.

Toe maak Pa 'n ekstra vuurtjie en ons braai vleis en wors en hoender-sosaties. Mammie bring die roosterkoeke en die konfyt en Ouma se aartappelslaai dit is amper asof Oupa en Ouma weer by ons is. Maar ook net amper. Want hulle is nie meer hier nie. En ek mis hulle partykeer vreeslik. Maar nou braai ons darem weer, so dit gaan al klaar beter, sê Mammie. Sy was net so lief vir Ander Oupa en Ouma.

Oupa moet onthou om hout te koop as ons kom kuier. Dan leer Oupa my ook hoe om 'n ekstra vuurtjie te maak.

**Liefde
Gertjie**



Danie Martins van Heidelberg het 'n hele klomp nuwe batteryaangedrewe rolstoel aangekoop teen 'n wenprys.

Hy stel dit nou beskikbaar teen slegs R12,500 elk.

Splinternuut en nog in hulle bokse. Vir foto's kan jy gaan kyk by

www.egafrikaans.co.za/rolstoel.htm

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 17 DESEMBER 2018